Waar is Jesus vandag as ons Hom nodig het?

Coenie Burger

Moenie my net vertel wat Christus 2000 jaar gelede gedoen het nie … Vertel my ook waar Hy nou is en wat Hy nou vir ons wêreld en vir my kan doen!

Waar is Jesus Christus vandag as ons Hom nodig het? Ek dink dat hierdie dalk die sentrale teologiese en geloofsvraag is waaroor die kerk van Christus – veral in die Weste – so gou as moontlik duidelikheid moet kry.

In sy interessante boek oor die verhoogde Christus *Ascension and Ecclesia,* skryf Douglas Farrow dat daar twee vrae rondom Christus is waaroor die kerk gereeld moet dink en praat. Die eerste is Bonhoeffer se vraag: "Wie is Jesus Christus vir ons vandag?" Die tweede vraag wat soms met nog groter nood gevra word, is "Waar is Jesus Christus vandag as ons Hom nodig het?"

As ons reg wil dink oor missionêre gemeentes, is die plek om te begin inderdaad die *Missio Dei*. Dat die kerk gestuur is en 'n opdrag het, is nie óns gedagte nie – dit hang saam met wie God is en wat Hy doen.

Maar die *Missio Dei* gaan om selfs meer! Daar is mense wat die *Missio Dei* só verstaan dat God die proses wel begin het, maar dat dit nou in ons hande is om voort te sit en deur te voer. As dit is hoe ons oor missionêre kerk-wees dink, gaan ons keer op keer teleurgesteld wees, moeg word en mettertyd tweederangse, mensgemaakte "pogings" probeer verkwansel as die ware artikel.

Die *Missio Dei* is nie net iets wat die drie-enige God uitgedink en begin het nie. Dit is iets wat Hy self vandag nog voortsit, daagliks persoonlik by betrokke is en wat Hy op sy tyd sal klaarmaak en afrond.

Die sleutelbelydenis van die kerk waarsonder ons hierdie saak nie reg kan verstaan nie, is die verwaarloosde belydenis van Christus se hemelvaart en s*essie* (die geloof dat Christus aan die regterhand van die Vader sit). Dit is opvallend dat daar die laaste tien jaar 'n klompie uitstekende boeke hieroor verskyn het – wat almal daarna soek om, los van die liberale protestantisme (wat omtrent nie daaroor praat nie), te vra na die betekenis van hierdie klassieke belydenis van die kerk.

In sy boekie *Dogmatics in Outline,* wat preke uit die Tweede Wêreldoorlog bevat, skryf Karl Barth roerend oor die hemelvaart en oor die feit dat Christus aan die regterhand van die Vader sit. Hy herinner sy gehoor daaraan dat hierdie 'n baie unieke en belangrike deel van die kerk se belydenis oor Christus is. "Want", sê Barth, "dit is die enigste deel van ons belydenis oor Christus wat in die teenwoordige tyd geformuleer is. Al die ander belydenisstellings is óf in die verlede tyd óf in die toekomende tyd." As ons wil weet waar Christus nóú is en wat Hy nóú doen, is die belydenis oor die hemelvaart en die *sessie* ons antwoord.

Oor die konsekwensies van die hemelvaart en die *sessie* vir ons verstaan van Christus en sy werk en vir die missionêre kerk, wil ek vier stellings maak.

Hoewel ons Christus nie kan sien nie, is Hy by ons teenwoordig

Vir baie mense beteken die hemelvaart van Christus net een ding: Christus is nou nie meer hier nie. Hulle glo wel dat Hy hier was, en sommige idealiseer selfs die tyd van die evangelies toe mense Jesus fisies kon sien. Ons wat nou leef, glo hulle, is nie so gelukkig nie – ons leef in die tyd van Christus se "wegwees". God bestuur wel op 'n manier nog sake "van 'n afstand af", en deur die Gees (of gees? – dalk is dit maar onsself of ons gesamentlik?) is daar wel soms een of ander vreemde krag onder ons teenwoordig, maar dit is alles baie onpersoonlik, veraf en vaag.

Dit is nie hoe die Bybel oor die hemelvaart praat en hoe die kerk deur die eeue die implikasies daarvan verstaan het nie. Daar is net té veel tekste wat baie duidelik is oor Christus se teenwoordigheid by ons, ook ná sy hemelvaart. Dink maar aan Jesus se

woorde in Matteus 28:18-20 waar Hy sy dissipels die sendingopdrag gee en beloof om altyd by hulle te wees. Van die mooiste verduidelikings hoor ons in Efesiërs 4:10 waar ons lees: "Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes *uit om alles met sy teenwoordigheid te vul*".

Twee teologiese verduidelikings kan ons help om dié oënskynlike teenstrydigheid beter te verstaan.

❑ Barth en andere het baie moeite gedoen om te verduidelik dat die hemel, soos wat die Bybel daaroor praat, déél van die skepping is. Dit is dié deel van die skepping waar God woon en setel. Ons kan dit nie sien nie, maar dit beteken nie dat dit ver weg is nie – eintlik is dit nader aan ons as ons klere en ons lyf.

❑ Die gereformeerde tradisie het nog altyd bely dat Christus na sy mensheid wél aan die regterhand van die Vader sit (teenoor die Lutherane wat die alomteenwoordigheid van Christus se liggaam bely), *maar dat Hy na sy Godheid en in Persoon by ons teenwoordig is*.

Hierdie belofte van sy voortdurende teenwoordigheid by ons, is die hart van die evangelie van Jesus Christus. Sy naam is Immanuel, *God met ons*. Dit is die groot belofte wat ons het vir ons aardse lewe – daar is in werklikheid min ander waarborge! As ons dit nie regtig kan glo nie, is daar nie veel van 'n evangelie nie.

Christus is besig om sy werk daagliks onder ons voort te sit

'n Kernpunt van die kerklike belydenis oor die hemelvaart en *sessie*, is dat ons glo dat die lewende, opgestane Christus deur sy hemelvaart nou aan die regterhand van die Vader sy heerskappy en koningskap van die skepping aktief opgeneem het (vgl Ef 1:19-23).

"Christus is die Here" was die vroegste belydenis van die kerk. Paulus verkondig Hom as Here (2 Kor 4:5). Dit was die kern, die uiteindelike gevolg, die belangrikste resultaat van alles wat gebeur het. Daarom, sê Doug Farrow, handel Petrus se Pinkstertoespraak tereg nie in die eerste plek oor die uitstorting van die Gees of selfs oor die opstanding self nie, maar kulmineer dit in die dankbare, brawe belydenis dat Jesus nóú aan die regterhand van die Vader sit en Here en Christus is.

Maar soos iemand grappenderwys gesê het: Dit is nie dat Hy regtig heeldag sit nie! As Koning en Heer is Christus besig om sy versoeningswerk voort te sit en deur te voer. Dit is veelseggend dat Stefanus, vóór Hy sterf, die hemel geopen sien en Jesus aan die regterhand van die Vader sien "staan".

Dit word vir my al hoe duideliker dat geloof in hierdie voortgaande middelaarswerk van Christus self in die geskiedenis van deurslaggewende belang is vir ons verstaan van die evangelie en ons denke oor die kerk. Hierdie is die plek, so lyk dit my, waar nie net die liberale protestantisme nie, maar ook die gereformeerde ortodoksie die spoor verloor. Die liberale protestantisme sukkel om te glo dat God 'n lemand of 'n Ander is wat ook buite ons om in die wêreld kan werk. Die evangelie word gereduseer tot idees, drome en verhale wat ons moet inspireer om ons morele beste te lewer.

In 'n sin is die gereformeerde ortodoksie se verstaan hiervan nog gevaarliker – omdat dit meer reg klink en so na aan ons is. Die ortodoksie soek na vaster sekerhede en probeer – soms met goeie bedoelings – die Bybel en die geloof in "fundamentele" vaste beginsels, opdragte en dogmas opsom.

Dit is 'n klein skuif, maar só wesenlik en só katastrofies. Die reformasie het met die lewende God geleef soos hulle Hom leer ken het in die Woord; die ortodoksie sukkel om die spanning van so 'n oop lewe met God vol te hou en vind dit makliker om met die Bybel en Bybel-beginsels te probeer leef. Omdat daar 'n sterk klem op die Bybel is, klink dit goed en reg, maar iewers kom 'n mens agter dat die Gees van Christus net "weg" is. Dit raak wetties, hard, krampagtig, veroordelend, benouend – omdat die werk (en die kerk!) nou óns werk (en óns kerk!) geraak het, en nie meer God s'n is nie.

Paulus, Lukas en die ander Nuwe-Testamentiese skrywers, asook Augustinus, Calvyn en Luther, het vas geglo dat Christus die Lewende Heer is wat nie net 2 000 jaar gelede vir 'n rukkie iewers in Palestina geleef en gewerk het nie, maar wat vandag nog onder ons leef en werk.

Christus doen sy werk as Profeet, Priester en Koning

Wat presies doen die lewende Christus daagliks onder ons?

Die Bybel praat op baie maniere daaroor, en ons sou dit op meer as een manier kon verduidelik of sistematiseer. Dit was een van Calvyn se beste gawes aan die kerk dat hy die Ou-Testamentiese titels van profeet, priester en koning begin gebruik het om die rykdom en omvattendheid van Christus se voortgaande werk te verduidelik. Oor presies hóé hierdie terme gevul word, is daar nie altyd eenstemmigheid nie. Tog is die hoofbeklemtonings baie duidelik.

In die klassieke belydenis van die kerk is die

hemelvaart en *sessie*, saam met die opstanding van Christus, altyd met sy *koningskap en heerskappy* in verband gebring. Dit is 'n andersoortige heerskappy as dié van aardse regente omdat liefde, offervaardigheid, lydensbereidheid en diens aan die hart daarvan lê.

Tog moet ons nie aan die werklikheid van God se krag en regering probeer torring nie, ook nie ter wille van politieke korrektheid nie. Daar bly min van die evangelie oor as ons nie meer kan bely nie dat Jesus die Here is, dat die sterkte aan Hom behoort, dat Hy die wêreld oorwin het en ons van die Bose kan bewaar. Doug Hall is reg as hy sê dat ook die ander twee ampte hulle wesenlike betekenis verloor as ons nie meer kan bely dat Christus Here en Koning is nie.

Ons glo dat Christus as **Koning** regeer. As sodanig beskik Hy nie net oor ons persoonlike lewe nie, maar ook oor die lewe van die kerk en die wêreld. Ons verstaan soms nie (dalk moet ons selfs sê: meesal nie!) hoe Hy dit doen nie, maar ons glo dat in en deur alle mense se weë, benoudhede, tragedies en sonde, Christus ons tye en die tye van die wêreld nooit uit sy hand sal laat gaan nie.

Christus sit ook daagliks sy werk as **Profeet** voort. Daarmee bedoel ons dat Hy vandag nog homself aan mense openbaar en bekend maak. As verhoogde Heer trek Hy mense na Hom toe (Joh 12:32) en help hulle om tot geloof in Hom te kom – nie so anders as wat ons lees Hy met Paulus en die Etiopiër gedoen het nie. Gewoonlik gebruik Hy die Woord en Gees, en soms ook mense, hiervoor. Maar gewoonlik kan 'n mens ná die tyd nie twyfel dat Hy die Een was wat die deurslag gegee het nie.

As **Priester** reik Christus vandag nog uit na mense in nood en ellende. Hy troos en bemoedig hulle (2 Kor 1-2) en sit as broer sy arm om hulle. Maar, sê die Bybel, hy tree ook vir ons in by God, Hy bid vir ons by die Vader.

Ek het die indruk dat baie mense vandag sukkel om 'n helder prentjie van hierdie priesterlike werk van Christus voor die Vader te kry en die troos of krag daarvan te verstaan. My leeswerk die afgelope twee jaar het my oortuig dat ons hier herwinningswerk uit die tradisie sal moet doen.

In dié verband kan ons by die Skotse gereformeerde tradisie gaan leer. Beginnende met Knox (en ná hom McLeod Campbell, Milligan en selfs ons eie Andrew Murray) het hulle deur die eeue die priesterskap van Christus baie sterk beklemtoon. In ons eie era het die Torrance-broers heelwat werk hieroor gedoen. Dit was onder andere TF Torrance se mees fundamentele kritiek op sy leermeester Barth, naamlik dat hy wel die belang van Christus se koningskap en profetiese werk waardeer het, maar sy voortgaande priesterskap onderspeel het. Hulle beklemtoon onder andere die feit dat Christus se soenoffer nie net as 'n koue historiese *fait accompli* gesien moet word nie, maar as "iets" wat vandag nog lewend is en "brand", en kom uit 'n hart wat elke dag voel en bloei vir die ellende en sonde wat ons rondom ons (en in ons!) sien.

Priesterlike versoening is nie iets wat Christus 2 000 jaar gelede klaar gedoen het nie. Hy is vandag nóg onder ons as Priester besig. Vandag nog voel Hy die pyn en barensnood van sy skepping – veel sterker wat ons dit ooit sal kan voel! Torrance meen dat die vierde-eeuse debat oor die Godheid van Christus Hom dalk – sonder dat dit die intensie was – té ver van ons weggeneem het. Terwyl ons Hom tereg as God eer, sukkel ons om Hom regtig as ons priester en broer te sien wat nie téénoor ons staan nie, maar altyd ook lángs ons en bý ons is (en almal wat Hom nodig het).

Christus roep die kerk tot navolging en gehoorsaamheid

Dit is goed om altyd te onthou dat missionêre getuienis en die bediening van die evangelie nie in die eerste plek ons werk is nie. Dit is die werk van Christus. Hý is die Eerste Getuie en die Eerste Bedienaar van die evangelie.

Maar in sy groot genade het die Here ons as kerk die voorreg gegee om deel van sy bediening en missie in die wêreld te word. Dit het hom behaag om die misterie van sy heerskappy deur die kerk aan die magte en owerhede van hierdie wêreld (Ef 3:10) bekend te maak. Sover ons kan agterkom, sê Barth, is dit een van die redes vir die eienaardige vertraging van die tussentyd en vir die "skynbare afwesigheid van Christus" in die tussentyd: om plek te maak vir ons en ons getuienis en diens.

Wat vra die Here van ons as kerk? Calvyn en die gereformeerde tradisie het gesê dat ons Christus navolg deur al drie sy ampte op 'n afgeleide manier ook op ons te neem. Ons word geroep om

- as profete die kennis van die evangelie met mense te deel;
- om as priesters wat omgee te gaan staan langs mense in nood; en
- om as koningskinders só te leef dat mense iets van ons Vader en Heer se gedaante in ons kan sien.

Barth het dieselfde ding met ander woorde gesê. Ons word opgeroep tot geloof, gehoorsaamheid

en gebed.

… Geloof wat aan Christus vashou, wat altyd daarna soek om Hom helder te sien in die Skrifte en, deur die Skrifte, ook daarna soek om Hom te sien waar Hy onder ons en voor ons uit in die geskiedenis werk.

… Gehoorsaamheid aan sy roepstem en woord – soos wat dit kinders van die Koning betaam.

… Gebed soos wat dit pas by priesters wat probeer help en doen wat hulle kan, maar ook weet dat die Here altyd meer kan doen as ons ...

● ***Coenie Burger*** *– Coenie is die vorige moderator van die Algemene Sinode en reeds sedert 2000 die direkteur en koördineerder van navorsing by Communitas. Coenie is in hart en murg 'n praktiese teoloog met 'n wye reeks publikasies op sy kerfstok en 'n selfs nog wyer belesenheid in die teologie. Lees ook sy boekaankondigings en resensies by www.gemeentes.co.za*

Die beweging van God deur tyd (vanaf bl 3)

geetagtigheid ons uiters kwesbaar vir ideologiese verdraaiings van die evangelie maak. Dié saak het Charles Marsh, 'n Amerikaanse teoloog, in sy boek met die titel *Wayward Christian Soldiers: Freeing the Gospel from Political Captivity* onlangs weer onderstreep. Marsh trek in die boek sterk te velde teen talle evangelikale kerkleiers en kerke se publieke rol, en spesifiek hulle ondersteuning van die oorlog in Irak. Iewers in die boek vertel Marsh van sy ontnugtering tydens 'n besoek aan 'n Christelike boekwinkel. Hoewel dit oor 'n paar weke Paasfees sou wees, het dit meer gelyk of die winkel vir "the Fourth of July" gereed maak as vir Paasfees.

Marsh sien hierdie ontwikkeling as 'n venster op 'n vorm van Christendom wat nie in staat is om op Christelike, profetiese en teologiese wyse die verskralings van die evangelie by die naam te noem en uit te daag nie.

Hoewel die situasie in Suid-Afrika vandag anders is as in die VSA, kry 'n mens ook hier die indruk dat 'n meer sentimentele vorm van individualistiese verbruikersgodsdiens 'n groot trekkrag uitoefen. In só 'n konteks is daar 'n groot versoeking om die evangelie te kompromitteer. Daarom is herinnering nodig – dié tipe herinnering wat JB Metz beskryf het as die gevaarlike herinnering aan die lyding, kruisiging en opstanding van Christus.

Dit het ook waarde om te onthou hoe mense deur die eeue op 'n verskeidenheid van wyses hierdie herinnering vlees gegee het. Hierdie "gevaarlike" herinnering, en die beliggaming daarvan, moet in die erediens en liturgie, in ons pastoraat en in die publieke getuienis van die kerk, lewend gehou word. Ons word nie geroep om God en godsdiens te verdedig nie, maar om die verlede op 'n teologiesverantwoordelike manier in herinnering te roep.

Herinnering, kreatiwiteit en rus

Om die verlede te onthou, beteken nie om nostalgies in die verlede te leef en weg te skram van die uitdagings van die hede nie. Nee, 'n gesonde historiese bewussyn help juis met die lewe ín die hede. Om 'n voorbeeld te gebruik: As 'n mens 'n jaar of so in 'n ander land woon, weet jy ná die jaar nog nie veel van die kultuur van daardie land nie, maar as jy terugkom na jou eie land toe, help die tyd weg jou om opnuut jou eie konteks beter te verstaan.

Dieselfde is waar, meen ek, van 'n poging om met die Bybel en die geskiedenis van die kerk en die Christendom erns te maak. Ons kan nie volledig die geheim van die verlede ontsluit nie. Die herinneringsvolle omgang met die verlede verander egter ons visie sodat ons anders na ons huidige situasie kan kyk. Die maak nuwe vorme van kreatiwiteit moontlik – dié tipe kreatiwiteit wat die kreatiewe Gees ons skenk.

Die herinnering aan God se dade in die verlede is daarom nie bedoel as 'n kognitiewe herinneringsoefening of as 'n verbreding van ons intellektuele kennis nie. Dit het eerder die verandering van ons lewe ten doel.

'n Teologiese omgang met die verlede herinner ons dat die geskiedenis nie maar net gelees kan word as die inisiatiewe van groot figure of die aksies van "gewone mense" nie, maar as die handelinge van die drie-enige God self, die God wat liefdevol en lewegewend deur die tyd beweeg. Ons werk word dus gegrond in God se werk. Dié nuus maak ons vry en bring rus. Ook dít moet ons onthou.

● ***Robert Vosloo*** *– Ná 11 jaar in die bediening by Durbanville, is Robert sedert Mei 2005 senior lektor in ekklesiologie aan die fakulteit teologie op Stellenbosch. Sy navorsingfokus behels ondermeer 'n belangstelling in die die leer van die Triniteit en die vraag na die verhouding tussen identiteit en andersheid, die konsep van gasvryheid, die teologie van Dietrich Bonhoeffer, die denke van die kerkvader Augustinus en resente Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis.*